Western Cape Government

Western Cape Education Department
**Andile Siyengo**
Directorate: Research
Andile.siyengo@westerncape.gov.za | 021 467 2023/24

Lêerno.: 12/2/3
Verwysing: 20230306-2128

Navorsingsminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en onafhanklike skole en Voorsitters van beheerliggame

**Onderwerp: Vrystelling van die uitslae van die 2022 WKOD sistemiese toetse vir graad 3, 6 en 9**

1. In Oktober 2022 het die Wes-Kaap Onderwysdepartement sistemiese toetse vir graad 3, 6, en 9 in Wiskunde en Taal afgeneem.

2. Die uitslae sal vanaf 16 Maart 2023 op SOBIS beskikbaar wees. Skole word aangemoedig om hul uitslae so gou as moontlik na te gaan om dit by hul skoolverbeteringsplanne te inkorporeer.

3. Die verslae aan skole verskaf die slaagsyfers en gemiddelde punte vir elke skool, sowel as 'n aanduiding van prestasie op spesifieke gebiede van taal en wiskunde.

4. Dit sluit ook diagnostiese verslae in wat insig in leerderprestasie volgens die voorgeskrewe assesseringstandaarde bied.

5. Die skoolverslae en die diagnostiese verslae is op SOBIS beskikbaar en kan soos volg verkry word:

   - Kies “Assessment and Exams” op die kieslys en dan “Systemic Test Results 2022”. Op die aftreklys, kies een van die volgende:
     - Vir graad 3, kies "Grade 3 Results 2022". Kies een van die volgende op die aftreklys: “School Report”, “Mathematics Diagnostic Report” of “Language Diagnostic Report”.
     - Vir graad 6, kies "Grade 6 Results 2022”. Kies een van die volgende op die aftreklys: “School Report”, “Mathematics Diagnostic Report” of “Language Diagnostic Report”.


wcedonline.westerncape.gov.za
Employment and salary enquiries: 0861 819 919 | Safe Schools: 0800 45 46 47
Western Cape Education Department

- Vir graad 9, kies "Grade 9 Results 2022". Kies een van die volgende op die aftreklys: "School Report", "Mathematics Diagnostic Report" of "Language Diagnostic Report".

Die afgelaaide inligting behoort op die skerm te verskyn.

- Indien die inligting nie verskyn nie, gaan na die kieslysbalk boaan en kies "Tools". Kies dan "Pop-up Blocker", kies "Turn-off Pop-up Blocker" en klik.
- Wanneer dit gedoen is, kies een van die grade om die uitslae te besigtig.

6. Vir enige navrae oor die inhoud van hierdie minuut, kontak asseblief die amptenaar wat, volgens die tabel hieronder, vir u distrik verantwoordelik is:

| **Kontakpersoon** | **Onderwysdistrik** |
|---|---|
| Mnr. Meshack Kanzi, tel. 021 467 2350<br>Meshack.Kanzi@westerncape.gov.za | Metro-Oos en Metro-Noord |
| | Kaapse Wynland en Overberg |
| Mnr. Vumile Nyalashe, tel. no. 021 467 9350<br>Vumile.Nyalashe@westerncape.gov.za | Metro-Sentraal en Metro-Suid |
| | Weskus en Eden en Sentrale Karoo |
| | Onafhanklike skole |

Dankie vir u samewerking.

Die uwe

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-20